



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

VOORRAAD

(AERP 12)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Inventories* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Presentation of Financial Statements* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins, gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Voorraad

	Paragraawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 – .06
Woordomsrywings	.07 – .13
Netto realiseerbare waarde	.08
Voorraad	.09 – .13
Erkenning	.14
Meting by erkenning	.15 – .16
Meting ná erkenning	.17 – .44
Koste van voorraad	.19 – .32
Aankoopkoste	.20
Omskeppingskoste	.21 – .24
Ander koste	.25 – .28
Koste van voorraad van 'n diensverskaffer	.29
Koste van landbouprodukte wat van biologiese bates geoes	.30
Tegniese vir die meting van koste	.31
Voorraad verkry deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie	.32
Kosteformules	.33 – .37
Netto realiseerbare waarde	.38 – .43
Verspreiding van goedere kosteloos of teen 'n nominale bedrag	.44
Erkenning as 'n uitgawe	.45 – .46
Openbaarmaking	.47 – .50
Oorgangsbepalings	.51 – .52
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.51
Wysigings aan Standaarde van AERP	.52
Datum van inwerkingtrede	.53 – .54
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.53
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.54
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Voorraad</i> (2004)	.55
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Inventories</i> (Desember 2006)	

VOORRAAD

Hierdie Standaard is oorspronklik in Oktober 2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 23 *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*
 - AERP 103 *Erfenisbates*
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Maart 2012 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 12 aangebring is, asook die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiele gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van International Financial Reporting Standards (IFRS'e) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Voorraad* word in paragraaf .01 tot .55 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling vir voorraad voor te skryf. 'n Primêre aangeleentheid in die rekeningkundige verantwoording vir voorraad is die kostebedrag wat as 'n bate erken moet word en oorgedra moet word totdat die verbandhoudende inkomste erken word. Hierdie Standaard verskaf riglyne oor die vasstelling van koste en die daaropvolgende erkenning as 'n uitgawe, met inbegrip van enige afwaardasie na netto realiseerbare waarde of onlangse vervangingskoste. Dit bevat ook riglyne oor die kosteformules wat gebruik word om koste aan voorraad toe te deel.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die rekeningkundige verantwoording van voorraad toepas, met die uitsondering van:*
- (a) *werk in proses wat uit konstruksiekontrakte voortspruit, met inbegrip van regstreeks verwante dienskontrakte (kyk die Standaard van AERP oor Konstruksiekontrakte);*
 - (b) *finansiële instrumente (kyk die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente);*
 - (c) *biologiese bates wat verband hou met landboubedrywigheide en landbouprodukte teen oestyd (kyk die Standaard van AERP oor die Landbou);*
 - (d) *werk in proses ten opsigte van dienste wat regstreeks in ruil deur die ontvangers gelewer word, deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie;*
 - (e) *erfenisbates (kyk die Standaard van AERP oor Erfenisbates); en*
 - (f) *die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van voorraad wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings) verkry is.*
- .03 *Hierdie Standaard is nie van toepassing nie op die meting van voorraad wat deur die volgende gehou word:*
- (a) *Produsente van landbou- en bosbouprodukte, landbouprodukte na die oes, en minerale en minerale produkte, in die mate waarin hulle gemeet word teen netto realiseerbare waarde ooreenkomstig goed gevestigde praktyke in daardie bedrywe. Wanneer sodanige voorraad teen netto realiseerbare waarde gemeet word, word veranderinge in daardie waarde in die tydperk van die verandering in surplus of tekort erken.*
 - (b) *Makelaar-handelaars in kommoditeite wat hul voorraad teen billike*

AERP 12

waarde min koste om te verkoop meet. Wanneer sodanige voorraad teen billike waarde min koste om te verkoop gemeet word, word veranderinge in billike waarde min koste om te verkoop in die tydperk van die verandering in surplus of tekort erken.

- .04 Die voorraad waarna in paragraaf .02(d) verwys word, word nie deur die International Accounting Standard oor *Inventories* gedek nie en is uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard omdat hulle spesifieke openbaresektoraangeleenthede behels wat verdere oorweging verg.
- .05 Die voorraad waarna in paragraaf .03(a) verwys word, word gemeet teen netto realiseerbare waarde in bepaalde produksiestadiums. Dit vind byvoorbeeld plaas wanneer landbougewasse geoes of mineraalerts ontgin en die verkoop daarvan ingevolge 'n termynkontrak of 'n regeringswaarborg verseker is, of wanneer daar 'n aktiewe mark bestaan en die risiko van mislukking om te verkoop onbeduidend is. Hierdie voorraad is uitgesluit van slegs die metingsvereistes van hierdie Standaard.
- .06 Makelaar-handelaars is diegene wat kommoditeite namens ander entiteite of vir eie rekening koop of verkoop. Die voorraad waarna in paragraaf .03(b) verwys word, word hoofsaaklik verkry met die doel om dit in die nabye toekoms te verkoop en 'n surplus uit skommelings in pryse of makelaar-handelaarsmarge te genereer. Wanneer hierdie voorraad teen billike waarde min koste om te verkoop gemeet word, word dit uitgesluit van slegs die metingsvereistes van hierdie Standaard.

Woordomskrywings

- .07 ***Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:***

Huidige vervangingskoste is die koste wat die entiteit sou aangaan om die bate op die verslagdoeningsdatum te verkry.

Uitruiltransaksies is transaksies waarin een entiteit bates of dienste ontvang, of sy laste uitgewis word, en regstreeks ongeveer gelyke waarde (primêr in die vorm van kontant, goedere, dienste of gebruik van bates) in ruil daarvoor aan 'n ander entiteit gee.

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.

Voorraad is bates:

- (a) ***in die vorm van materiaal of voorraad wat in die produksieproses verbruik sal word;***
- (b) ***in die vorm van materiaal of voorraad wat in die lewering van dienste verbruik of versprei sal word;***
- (c) ***wat gehou word vir verkoop of verspreiding in die gewone gang van bedrywigheide; of***

(d) *in die proses van produksie vir verkoop of verspreiding.*

Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die gewone gang van sake minus die geraamde koste van voltooiing en die geraamde koste wat nodig is om die verkoop, uitruiling of verspreiding te doen.

Nie-uitruiltransaksies is transaksies wat nie uitruiltransaksies is nie. In 'n nie-uitruiltransaksie ontvang 'n entiteit waarde van 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te gee, of gee hy waarde aan 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te ontvang.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Netto realiseerbare waarde

- .08 Netto realiseerbare waarde verwys na die netto bedrag wat 'n entiteit verwag om in die gewone gang van bedrywighede uit die verkoop van voorraad te realiseer. Billike waarde gee die bedrag weer waarvoor dieselfde voorraad tussen ingeligte en gewillige kopers en verkopers in die mark verruil kan word. Eersgenoemde is 'n entiteitspesifieke waarde; laasgenoemde is nie. Netto realiseerbare waarde vir voorraad mag nie gelyk wees aan billike waarde minus koste om te verkoop nie.

Voorraad

- .09 Voorraad bestaan uit goedere wat aangekoop is en vir herverkoop gehou word, met inbegrip van byvoorbeeld handelsware wat deur 'n entiteit aangekoop word en vir verkoop gehou word, of grond en ander eiendom wat vir verkoop gehou word. Voorraad sluit ook klaarprodukte in wat geproduseer word, of werk in proses wat deur die entiteit geproduseer word. Voorraad kan ook materiaal en voorrade wees wat wag om in die produksieproses gebruik te word, asook goedere wat deur 'n entiteit aangekoop of geproduseer word, en wat bedoel is vir verspreiding na ander partye deur 'n nie-uitruiltransaksie, byvoorbeeld opvoedkundige boeke wat deur 'n opvoedkundige owerheid geproduseer word vir skenking aan skole. By baie entiteite het voorraad betrekking op die lewering van dienste eerder as goedere wat vir herverkoop aangekoop en gehou word of goedere wat vervaardig word om te verkoop. In die geval van 'n diensverskaffer sluit voorraad die koste in van die diens soos in paragraaf .29 beskryf waarvoor die entiteit nog nie die verwante inkomste erken het nie (riglyne oor die erkenning van inkomste word aangetref in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruieltransaksies*).
- .10 Voorraad in die openbare sektor kan die volgende insluit:
- (a) ammunisie;
 - (b) verbruiksvoorraad;
 - (c) instandhoudingsmateriaal;
 - (d) onderdele vir aanleg en toerusting buiten dié wat in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* behandel word;

AERP 12

- (e) strategiese voorraadstapels (byvoorbeeld energiereserwes);
 - (f) werk in proses, met inbegrip van
 - (i) opvoedkundige/opleidingskursusmateriaal; en
 - (ii) kliëntedienste (byvoorbeeld ouditeursdienste) waar daardie dienste teen armlengtepryse verkoop word; en
 - (g) grond/eiendom wat vir verkoop gehou word.
- .11 By die bepaling of 'n item 'n afsonderlike item van eiendom, aanleg en toerusting uitmaak en of dit voorraad is, moet oordeel aan die dag gelê word by die toepassing van die maatstawwe in die omskrywing van eiendom, aanleg en toerusting (kyk die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*) en voorraad op bepaalde omstandighede of spesifieke soorte entiteite. Die meeste onderdele en versieningstoerusting word gewoonlik as voorraad aangehou en as 'n uitgawe erken na gelang van die gebruik daarvan. Groot onderdele en reservetoerusting kwalifiseer egter as eiendom, aanleg en toerusting indien die entiteit verwag om dit gedurende meer as een tydperk te gebruik. Indien die onderdele en versieningstoerusting slegs ten opsigte van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting gebruik kan word en die gebruik daarvan na verwagting ongereeld sal wees, word dit insgelyks as eiendom, aanleg en toerusting in rekening gebring en in waardevermindering afgeskryf oor 'n tydperk wat nie die nutsduur van die betrokke bate oorskry nie.
- .12 Waar 'n entiteit die regte beheer om verskillende bates, bv. inkomsteseëls, tot stand te bring en uit te reik, word sodanige voorraaditems vir die doel van hierdie Standaard as voorraad erken. Daar word nie op sigwaarde daarvoor verslag gedoen nie, maar dit word gemeet ooreenkomstig paragraaf .17, dit wil sê teen die drukkoste daarvan.
- .13 Indien 'n entiteit strategiese voorraadstapels van verskillende reserwes handhaaf, soos energiereserwes (byvoorbeeld olie) vir gebruik in nood- of ander situasies (byvoorbeeld natuurrampe of ander burgerlikebeskerming-noodtoestande), word sulke voorraadstapels vir die doel van hierdie Standaard as voorraad erken en dien ooreenkomstig hanteer.

Erkenning

- .14 ***Voorraad moet as 'n bate erken word indien, en slegs indien,***
- (a) ***dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die kontrak verband hou, na die entiteit sal vloei; en***
 - (b) ***die koste van die voorraad betroubaar gemeet kan word.***

Meting by erkenning

- .15 ***Voorraad wat vir erkenning as bates kwalifiseer, moet aanvanklik teen kosprys gemeet word.***

- .16** *Waar voorraad deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word, moet die koste daarvan teen die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum gemeet word.*

Meting ná erkenning

- .17** *Voorraad moet teen kosprys of netto realiseerbare waarde gemeet word, watter bedrag ook al die laagste is, buiten indien paragraaf .18 van toepassing is.*
- .18** *Voorraad moet teen kosprys of huidige vervangingskoste gemeet word, watter ook al die laagste bedrag is, indien dit gehou word vir:*
- (a) verspreiding deur 'n nie-uitruiltransaksie; of*
 - (b) verbruik in die produksieproses van goedere wat teen geen koste of teen 'n nominale koste versprei sal word.*

Koste van voorraad

- .19** *Die koste van voorraad moet alle aankoopkoste, omskeppingskoste en ander koste insluit wat aangegaan is om die voorraad na die huidige ligging en toestand daarvan te bring.*

Aankoopkoste

- .20** Die aankoopkoste van voorraad sluit die koopprys, invoer- en ander belastinge in (behalwe dié wat daarna deur die entiteit van die belastingowerheid verhaalbaar is), asook vervoer-, hanterings- en ander koste wat regstreeks aan die verkryging van klaarprodukte, materiale en voorrade toeskryfbaar is. Handelskortings, kortings en ander vergelykbare items word by die vasstelling van die aankoopkoste afgetrek.

Omskeppingskoste

- .21** Die koste van omskepping van onvoltooide voorraad in klaarprodukte word hoofsaaklik in 'n vervaardigingsomgewing aangegaan. Die koste van omskepping van voorraad behels koste wat regstreeks met produksie-eenhede soos direkte arbeid verband hou. Dit sluit ook 'n stelselmatige toewysing in van vaste en veranderlike produksiebokoste wat aangegaan word by die omskepping van grondstowwe in klaarprodukte. Vaste produksiebokoste is daardie indirekte koste van produksie wat ongeag die produksievolume betreklik konstant bly, soos waardevermindering en instandhouding van fabrieksgeboue en -toerusting, en die koste van fabrieksbestuur en -administrasie. Veranderlike produksiebokoste is daardie indirekte koste van produksie wat regstreeks, of byna regstreeks, varieer met die produksievolume, soos indirekte grondstowwe en indirekte arbeid.
- .22** Die toedeling van vaste produksiebokoste aan die omskeppingskoste is gegrond op die normale kapasiteit van die produksiegeriewe. Normale kapasiteit is die produksie wat na verwagting gemiddeld oor 'n aantal tydperke of seisoene onder

AERP 12

normale omstandighede bereik kan word, met inagneming van die verlies aan kapasiteit voortspruitend uit beplande instandhouding. Indien dit naby kom aan normale kapasiteit, kan die werklike produksievlak gebruik word. Die vaste bokostebedrag wat aan elke produksie-eenheid toegedeel word, word nie verhoog weens lae produksie of 'n aanleg wat nie gebruik word nie. Ontoegewese bokoste word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word. In tydperke van abnormaal hoë produksie word die vaste bokoste wat aan elke produksie-eenheid toegedeel word, verminder sodat voorraad nie bo koste gemeet word nie. Veranderlike produksiebokoste word aan elke produksie-eenheid toegedeel op grond van die werklike gebruik van die produksiefasiliteite.

- .23 Die toedeling van koste, sowel vaste as veranderlike koste, wat aangegaan word in die ontwikkeling van onontwikkelde grond wat vir verkoop as residensiële of kommersiële eiendom gehou word, kan byvoorbeeld koste insluit ten opsigte van buiteontwerp, dreinerings, die lê van pype vir nutsdiensaansluitings, ens.
- .24 'n Produksieproses kan tot gevolg hê dat meer as een produk gelyktydig geproduseer word. Dit is byvoorbeeld die geval waar gesamentlike produkte geproduseer word of waar daar 'n hoofproduk en 'n neweproduk is. Wanneer die omskeppingskoste van elke produk nie afsonderlik identifiseerbaar is nie, word dit op 'n rasonale en konstante grondslag tussen die produkte toegedeel. Die toedeling kan byvoorbeeld gegrond wees op die relatiewe verkoopsware van elke produk, hetsy in die stadium in die produksieproses waar die produkte afsonderlik identifiseerbaar word, of by die voltooiing van produksie. Die meeste neweprodukte is volgens hul aard nie-weselik. Indien dit die geval is, word hulle dikwels teen netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste gemeet, en hierdie waarde word afgetrek van die koste van die hoofproduk. As gevolg daarvan is die drabedrag van die hoofproduk nie weselik verskillend van die koste daarvan nie.

Ander koste

- .25 Ander koste word slegs in die koste van voorraad ingesluit in die mate waartoe dit aangegaan is om die voorraad na die huidige plek en toestand te bring. Dit mag byvoorbeeld toepaslik wees om nieproduksiebokoste of die koste van die ontwerp van produkte vir spesifieke kliënte by die koste van voorraad in te sluit.
- .26 Voorbeelde van koste wat uit die koste van voorraad uitgesluit word en in die tydperk waarin dit aangegaan word, as uitgawes erken word, is:
 - (a) abnormale hoeveelhede verkwiste materiaal, arbeid of ander produksiekoste;
 - (b) opbergingskoste, tensy daardie koste voor 'n verdere produksiestadium in die produksieproses nodig is;
 - (c) administratiewe bokoste wat nie daartoe bydra om voorraad na die huidige ligging en toestand te bring nie; en
 - (d) verkoopkoste.

AERP 12

- .27 Die Standaard van AERP oor *Leenkoste* identifiseer beperkte omstandighede waar leenkoste by die koste van voorraad ingesluit is.
- .28 'n Entiteit kan voorraad ooreenkomstig uitgesteldevereffening-bepalings aankoop. Wanneer die reëling in wese 'n finansieringselement bevat, word daardie element, byvoorbeeld 'n verskil tussen die koopprys vir normale kredietvoorwaardes en die bedrag wat betaal word, as 'n renteuitgawe oor die finansieringstydperk erken.

Koste van voorraad van 'n diensverskaffer

- .29 In die mate waartoe diensverskaffers voorraad het, buiten dié wat in paragraaf .02(d) genoem word, meet hulle dit teen die koste van hul produksie. Hierdie koste bestaan hoofsaaklik uit die arbeids- en ander koste van personeel wat regstreeks betrokke is by die lewering van die diens, met inbegrip van toesighoudende personeel, en toeskryfbare bokoste. Die koste van arbeid wat nie by die lewering van die diens betrokke is nie, is nie ingesluit nie. Arbeids- en ander koste wat op verkope en algemene administratiewe personeel betrekking het, is nie ingesluit nie, maar word in die tydperk waarin dit aangegaan is, as uitgawes erken. Die koste van voorraad van 'n diensverskaffer sluit nie winsmarges of nie-toeskryfbare bokoste in wat dikwels in gefaktoreer word in pryse wat deur diensverskaffers gevra word nie.

Koste van landbouprodukte wat van biologiese bates geoes word

- .30 Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Landbou* moet voorraad wat bestaan uit landbouprodukte wat 'n entiteit van sy biologiese bates geoes het, by aanvanklike erkenning gemeet word teen billike waarde minus die koste om dit op die tydstop wanneer dit geoes word te verkoop. Dit is die koste van die voorraad op daardie datum vir die toepassing van hierdie Standaard.

Tegnieke vir die meting van koste

- .31 Tegnieke vir die meting van die koste van voorraad, soos die standaardkoste-metode, kan geriefshalwe gebruik word indien die resultate koste benader. Standaardkoste neem normale vlakke van materiaal en voorraad, arbeid, doeltreffendheid en kapasiteitsbenutting in ag. Dit word gereeld nagegaan en indien nodig in die lig van huidige omstandighede hersien.

Voorraad verkry deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie

- .32 Voorraad kan deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie na die entiteit oorgedra word. 'n Internasionale hulpagentskap kan byvoorbeeld ná 'n natuurramp mediese voorraad aan 'n openbare hospitaal skenk. Onder sulke omstandighede is die koste van die voorraad die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum.

Kosteformules

- .33 *Die koste van voorrade van items wat nie normaalweg uitruilbaar is nie en*

AERP 12

goedere of dienste wat vir spesifieke projekte geproduseer en opsygesit word, moet met gebruik van spesifieke identifikasie van hul individuele koste toegedeel word.

- .34 Spesifieke identifikasie van koste beteken dat spesifieke koste toegeskryf word aan geïdentifiseerde voorraaditems. Dit is die toepaslike behandeling vir items wat vir 'n spesifieke projek opsygesit word. Spesifieke identifikasie van koste is ontoepaslik wanneer daar groot getalle voorraaditems is wat normaalweg uitruilbaar is. In sulke omstandighede kan die metode van selektering van daardie items wat in voorraad bly, aangewend word om 'n voorafbepaalde uitwerking op die surplus of tekort vir die tydperk te hê.
- .35 ***Die koste van ander voorraad as dié wat in paragraaf .33 behandel word, moet toegedeel word deur gebruikmaking van die eerste-in-eerste-uit-(EIEU-) of geweegdegemiddelde-kosteformule.***
- .36 ***Indien paragraaf .34 toegepas word, moet 'n entiteit dieselfde kosteformule gebruik vir alle voorraad wat vir die entiteit dieselfde aard en gebruik het. Vir voorraad van 'n ander aard of gebruik (byvoorbeeld sekere kommoditeite wat in 'n ander segment gebruik word) kan weer ander kosteformules geregverdig wees. 'n Verskil in die geografiese ligging van voorraad is op sigself nie voldoende om die gebruik van ander kosteformules te regverdig nie.***
- .37 Die EIEU-formule aanvaar dat die voorraaditems wat eerste aangekoop of geproduseer word, eerste verkoop word, en dat die items wat aan die einde van die tydperk in voorraad is, dié is wat so pas aangekoop of geproduseer is. Ooreenkomstig die geweegdegemiddelde-kosteformule word die koste van elke item bepaal volgens die geweegde gemiddelde van die koste van vergelykbare items aan die begin van 'n tydperk en die koste van vergelykbare items wat gedurende die tydperk aangekoop of geproduseer is. Die gemiddelde kan op 'n periodieke grondslag bereken word, of namate elke bykomende besending ontvang word, na gelang van die omstandighede van die entiteit.

Netto realiseerbare waarde

- .38 Die koste van voorraad is moontlik nie verhaalbaar indien daardie voorraad beskadig word, of indien dit geheel of gedeeltelik verouderd raak, of indien die verkoopprijs daarvan gedaal het nie. Die koste van voorraad is moontlik ook nie verhaalbaar indien die geraamde voltooiingskoste of die geraamde koste wat aangegaan moet word om die verkoop, uitruiling of verspreiding te bewerkstellig, toegeneem het nie. Die praktyk om voorraad tot onder kosprys af te waardeer tot netto realiseerbare waarde is in ooreenstemming met die benadering dat bates nie gedra moet word indien dit meer is as die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na verwagting uit die verkoop, uitruiling, verspreiding of gebruik gerealiseer kan word nie.
- .39 Voorraad word gewoonlik op 'n item-vir-item-grondslag afwaardeer tot netto realiseerbare waarde. In sommige omstandighede kan dit egter toepaslik wees om vergelykbare of verwante items te groepeer. Dit kan die geval wees met voorraaditems met vergelykbare doeleindes of eindgebruike en wat prakties nie

AERP 12

afsonderlik van ander items in daardie produkreeks geëvalueer kan word nie. Dit is nie toepaslik om voorraad af te waardeer op grond van 'n klassifikasie van voorraad, byvoorbeeld klaarprodukte, of al die voorraad in 'n bepaalde bedrywigheid of geografiese segment nie. Diensverskaffers loop in die reël koste op ten opsigte van elke diens waarvoor 'n afsonderlike verkoopprijs gevra word. Derhalwe word elke sodanige diens as 'n afsonderlike item behandel.

- .40 Ramings van netto realiseerbare waarde word gegrond op die betroubaarste bewyse wat beskikbaar is op die tydstip wanneer ramings gemaak word van die bedrag wat die voorraad na verwagting sal oplewer. Hierdie ramings neem prysskommelings of koste wat regstreeks betrekking het op gebeure wat plaasvind ná die einde van die tydperk in aanmerking in die mate waartoe sodanige gebeure omstandighede bevestig wat aan die einde van die tydperk bestaan.
- .41 Ramings van netto realiseerbare waarde neem ook die doel waarvoor die voorraad gehou word in aanmerking. Die netto realiseerbare waarde van die hoeveelheid voorraad wat gehou word om aan bindende verkoop- of dienskontrakte te voldoen word byvoorbeeld op die kontrakprijs gegrond. Indien die verkoopskontrakte vir minder is as die voorraadhoeveelhede wat gehou word, word die netto realiseerbare waarde van die oormaat op algemene verkoopprijs gegrond. Riglyne oor die behandeling van voorsienings, soos dié wat voortspruit uit bindende verkoopskontrakte vir meer as die voorraadhoeveelhede wat gehou word, en oor vaste koopkontrakte is opgeneem in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*.
- .42 Materiaal en ander voorraad wat gehou word vir gebruik in die produksie van voorraad word nie afwaardeer tot onder kosprys indien die klaarprodukte waarin dit geïnkorporeer word na verwagting verkoop, geruil of teen of bokant kosprys versprei sal word nie. Indien 'n daling in die prys van materiaal egter daarop dui dat die koste van die klaarprodukte die netto realiseerbare waarde oorskry, word die materiale tot netto realiseerbare waarde afwaardeer. In sulke omstandighede is die vervangingskoste van die materiaal waarskynlik die beste beskikbare maatstaf van die netto realiseerbare waarde daarvan.
- .43 'n Nuwe evaluering van netto realiseerbare waarde word in elke daaropvolgende tydperk gemaak. Wanneer die omstandighede wat voorheen meegebring het dat voorraad tot onder kosprys afwaardeer is, nie meer bestaan nie of wanneer daar duidelike bewyse is van 'n styging in netto realiseerbare waarde vanweë veranderde ekonomiese omstandighede, word die bedrag van afwaardasie omgekeer (d.w.s. die omswaaiing word beperk tot die bedrag van die oorspronklike afwaardasie), sodat die nuwe drabedrag die kosprys of die hersiene netto realiseerbare waarde, watter ook al die laagste is. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer 'n voorraaditem wat teen netto realiseerbare waarde gedra word omdat die verkoopprijs daarvan gedaal het, steeds in 'n latere tydperk voorhande is en die verkoopprijs gestyg het.

Verspreiding van goedere teen geen koste nie of teen 'n nominale bedrag

- .44 'n Entiteit kan voorraad hou waarvan die ekonomiese voordele of dienspotensiaal nie regstreeks verband hou met die vermoë daarvan om netto kontantinvloei te genereer nie. Hierdie soort voorraad kan ontstaan wanneer 'n entiteit besluit om sekere goedere deur 'n nie-uitruiltransaksie te versprei. In sulke gevalle word die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die voorraad vir die doeleindes van finansiële verslagdoening weergegee deur die bedrag wat die entiteit sou moes betaal om die ekonomiese voordele of dienspotensiaal te verkry indien dit nodig sou wees om die doelstellings van die entiteit te bereik. Waar die ekonomiese voordele of dienspotensiaal nie op die mark verkry kan word nie, sal 'n raming van vervangingskoste gemaak moet word. Indien die doel waarvoor die voorraad gehou word, verander, word die voorraad met behulp van die bepalinge van paragraaf .17 gewaardeer.

Erkenning as 'n uitgawe

- .45 ***Wanneer voorraad verkoop, geruil of versprei word, moet die drabedrag van daardie voorraad as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin die betrokke inkomste erken word. Indien daar geen verwante inkomste is nie, word die uitgawe erken wanneer die goedere versprei of die verbandhoudende diens gelewer word. Die bedrag van enige afwaardasie van voorraad tot netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste en alle verliese van voorraad moet as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin die afwaardasie of verlies voorkom. Die bedrag van enige omswaaiing van enige waardasie van voorraad wat voortspruit uit 'n styging in netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste, moet erken word as 'n vermindering in die voorraadbetrag wat as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin die omswaaiing voorkom.***
- .46 Sommige soorte voorraad kan aan ander baterekeninge toegedeel word, byvoorbeeld voorraad wat as 'n komponent van selfgebooue eiendom, aanleg of toerusting gebruik word. Voorraad wat op dié wyse aan 'n ander bate toegedeel word, word gedurende die nutsduur van daardie bate as 'n uitgawe erken.

Openbaarmaking

- .47 Die finansiële state moet die volgende openbaar maak:**
- (a) die rekeningkundige beleide wat aangeneem word by die meting van voorraad, met inbegrip van die kosteformule wat gebruik word;**
 - (b) die totale drabedrag van voorraad en die drabedrag in klassifikasies wat op die entiteit van toepassing is;**
 - (c) die drabedrag van voorraad wat teen billike waarde minus koste van verkoop gedra word;**
 - (d) die voorraadbetrag wat gedurende die tydperk as 'n uitgawe erken word;**
 - (e) die bedrag van enige afwaardasie van voorraad wat in die tydperk ooreenkomstig paragraaf .45 as 'n uitgawe erken word;**
 - (f) die bedrag van enige omswaaiing van enige afwaardasie wat erken word as 'n vermindering in die voorraadbetrag wat in die tydperk ooreenkomstig paragraaf .45 as 'n uitgawe erken word;**
 - (g) die omstandighede of gebeure wat gelei het tot die omswaaiing van 'n afwaardasie van voorraad ooreenkomstig paragraaf .45; en**
 - (h) die drabedrag van voorraad wat vir aanspreeklikhede as sekuriteit verpand is.**
- .48** Inligting oor die drabedrae wat in verskillende klassifikasies van voorraad gehou word en die omvang van die veranderinge in daardie bates is nuttig vir gebruikers van finansiële state. Algemene klassifikasies van voorraad is handelsware, produksievoorraad, materiale, werk in proses en klaarprodukte. Die voorraad van 'n diensverskaffer kan beskryf word as werk in proses.
- .49** Die voorraadbetrag wat gedurende die tydperk as 'n uitgawe erken word, bestaan uit daardie koste wat voorheen ingesluit is by die meting van voorraad wat nou verkoop, geruil of versprei is, asook ontoegewese produksieboekoste en abnormale produksiekostebedrae van voorraad. Die omstandighede van die entiteit kan ook die insluiting van ander bedrae vereis, soos verspreidingskoste.
- .50** Sommige entiteite volg 'n formaat vir surplus of tekort wat daartoe lei dat ander bedrae openbaar gemaak word as die koste van voorraad wat gedurende die tydperk as 'n uitgawe erken word. Volgens hierdie formaat bied 'n entiteit met behulp van 'n klassifikasie wat op die aard van uitgawes gebaseer is, 'n ontleding van uitgawes aan. In hierdie geval maak die entiteit die koste openbaar wat as 'n uitgawe vir grondstowwe en verbruiksgoedere, arbeidskoste en ander koste erken word, tesame met die bedrag van die netto verandering in voorraad vir die tydperk.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .51 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .52 Paragraaf .30 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2012 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .53 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .54 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Voorraad, AERP 12 (2004)

- .55 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Voorraad wat in Oktober 2004 uitgegee is.*

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Inventories* (Desember 2006)

Die Standaard van AERP oor *Voorraad* is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Inventories* (IPSAS 12). Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Voorraad* en die IPSAS oor *Inventories* is soos volg:

- Hierdie Standaard het veranderinge opgeneem wat tot April 2009 aan die International Accounting Standards oor *Inventories* (IAS 2) aangebring is ingevolge die Improvements Project van die International Accounting Standards Board (IASB). Dit sluit die vervanging van 'verkoopunktoste' deur 'koste om te verkoop' in.
- 'n Bykomende paragraaf is by hierdie Standaard ingesluit om duidelikheid te bring dat dieselfde items op verskillende maniere deur entiteite geklassifiseer kan word, soos voorraad of eiendom, aanleg en toerusting, wanneer die omskrywings van 'voorraad' en 'eiendom, aanleg en toerusting' toegepas word.
- Bykomende paragrawe oor die erkenning en aanvanklike meting van voorraad is by hierdie Standaard ingesluit.
- Voorbeelde van bates soos seëls en ongebruikte valuta is gekrap en deur inkomsteseëls vervang, aangesien entiteite wat hierdie voorrade in Suid-Afrika uitreik, staatsakeondernemings is.
- Verskillende terme word gebruik om versoenbaar te wees met ander Standaarde van AERP; IPSAS 12 verwys byvoorbeeld na "netto surplus of tekort".
- Die bewoording in hierdie Standaard en die orde van die paragrawe wat op "kosteformules" betrekking het, verskil van dié van IPSAS 12. IPSAS 12 verwys na ander "belastingreëls" by die toepassing van verskillende kosteformules in die meting van voorraad wat nie hierby ingesluit is nie.
- Die verduidelikende paragraaf wat handel oor gebeure ná die verslagdoeningsdatum is behou, aangesien daar geoordeel is dat dit waarde kan hê wanneer netto realiseerbare waardes vasgestel word.
- Oorgangsbepalings na hierdie Standaard verskil van dié wat in IPSAS 12 vervat is.